# NWT

# Die Verwerking van materiale (vervolg)

## Week 9: 15 Junie 2020

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# EENHEID 1: KOMBINEER MATERIALE
## (vervolg van Week 8)
## Handboek p.85 - 94

LAERSKOOL MIKRO

Ons is besig om te kyk na die maniere waarop materiale verwerk kan word. Ons het reeds in Week 8 na 2 maniere gekyk naamlik: **1. MENG en STOL** en ook **2. MENG ‘**n vaste stof en ‘n vloeistof tot ‘n pasta.

Hierdie week kyk ons na die volgende maniere:

**3. <u>MENG en KOOK</u>**

Wanneer mielies  ryp is, is hulle sade baie hard. Die sade kan tot mieliemeel 

gemaal word.

Ons eet nie rou mieliemeel nie. Ons KOOK dit om pap  te maak wat beter smaak en makliker verteer.

**Jy en mamma kan vir die gesin ‘n lekker bakkie warm mieliemeelpap maak!!!**
**(Juffrou plaas vir jou ‘n “link” wat sal help. Gaan kyk gerus daarna!!**
https://www.youtube.com/watch?v=_jkg4mNdSus

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## 4. <u>MENG en VERKOEL</u>

Soms **meng** ons bestanddele vir ‘n poeding en dan sit ons dit op ‘n **koel plek of in die yskas** om te stol en ‘n vastestof te maak. **Jelliepoeier**




is ‘n mengsel van suiker, vrugtegeur en **gelatien**, **‘n stof wat in die gewrigte van diere voorkom**. **Gelatien**




los in warm water op en raak solied wanneer dit afkoel. Jellie kan in enige mengsel gebruik word om terte, poedings, of lekkergoed te maak.

Nadat jul vanaand lekker aandete geëet het, kan jy die familie bederf met ‘n lekker bakkie jellie en vla.

**Ek plaas ‘n “link” waarna jy kan kyk: Hoe om jellie te maak?**
https://www.youtube.com/watch?v=y0xq-M_cla0

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## 5. MENG, DROOG en BAK

Die laaste manier om materiale te verwerk, is om hulle te **MENG** en dan die mengsel **DROOG** te maak of te **BAK**. Dit word gedoen met materiale soos klei om **bakstene** te maak.

In **landelike gebiede** word bakstene gemaak deur strooi, droë gras of dieremis met klei te meng om die deeltjies bymekaar te hou wanneer dit in die **son droog**. Dit verhoed dat die klei kraak wanneer die water verdamp. Klei word dan met die hand in vorms tot bakstene gevorm.




In **Industriële baksteenmakery** word die klein klipdeeltjies met baie fyn steenkoolstof en water gemeng. Steenkoolstof help om die hitte eweredig deur die **bakstene** te versprei wanneer hul gebak word. Masjiene pers die nat kleimengsel in die vorm van bakstene saam, waarna dit in baie warm **oonde** teen 600 tot 900 grade Celsius gebak word. Oonde verwerk die material deur dit te droog, bak of te verbrand. Klei raak hard wanneer al die water daarin verdamp teen 500 grade Celsius.

Laerskool Mikro Kopiereg ©


**AKTIWITEIT**

**Skryf die volgende opsomming op jou lyntjiespapier**

LAERSKOOL MIKRO

## VERWERKING VAN MATERIAAL p.85 – 93





**Daar is baie maniere om materiaal te verwerk:**

1. MENG en STOL bv. Sement
2. MENG bv. Gom
3. MENG en KOOK bv. Mieliemeelpap
4. MENG en VERKOEL bv. Jellie
5. MENG, DROOG en BAK bv. Bakstene





**Die samevoeging van materiale kan as ‘n vloeidiagram aangetoon word**.



1. GIPS en WATER → **MENG** → **STOL** → ORNAMENT
2. MEEl en WATER → **MENG** → PASTA → GOM
3. MIELIEMEEL, SOUT en WATER → **MENG** → **KOOK** → PAP
4. JELLIEPOEIER en WARM WATER → MENG → VERKOEL → SOLIEDE JELLIE
5. KLEI → **MENG**, VORM BLOKKE → **DROOG** UIT IN LUG → **VERHIT/BAK** → BAKSTENE

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Opskrif

Inhoud

Laerskool Mikro Kopiereg ©